Camp Discovery
(Pty) Ltd Game Reserve
Leadership, Sport and Adventure Academy

P.O. Box 11328
Hatfield
0028

Tel: 012 722 0072
Fax: 012 722 0073
Email: info@campdiscovery.co.za

Company Reg. No. 2002/019899/07
VAT Reg. No. 4660228208

Geagte Krieketorganiseerder,

JUNIE/JULIE KRIEKETKAMPE VIR SEUNS EN DOGTERS SPANNE – ONDER 10,11,12 EN 13

Camp Discovery is trots om aan te kondig dat ons van turf blaaie gebruik sal maak tydens ons klinieke wat onder leiding van Arno van Wyk gelê is. Dit is daarom met groot opgewondenheid dat ons u uitnooi na ons klinieke met uitstekende afrigting en wedstryde.

MEER OOR CAMP DISCOVERY

Camp Discovery is `n 270-hektaar wildreservaat 60 km noord van Pretoria in die Dinokeng-bewaringsgebied. `n Verskeidenheid wild-, voël- en boomspesies kom hier voor in `n tipiese bosveldhabitat. Gereelde wildbesigtigingsritte is deel van die program. `n Verskeidenheid van wild soos elande, kameelperde, swartwitpense, bastergemsbokke, gemsbokke, waterbokke, rooihartebeeste, koedoes, rooibokke, blouwildebeeste, springbokke, rietbokke, bosbokke, zebras, njalas, duikers, steenbokkies en vlakvarke word gereeld gesien. Daar word ook geteel met goue wildebeeste en swart rooibokke.

Ons terrein en fasiliteerders is van uitstekende gehalte. Aktiwiteite wat waarde toevoeg tot die program is onder andere fietsritte, kaskarwedrenne, hindernisbane en ons uitstekende spyskaart!

MEER OOR DIE AFRIGTER

ARNO VAN WYK spesialiseer in krieketafrigting, -bemarking en -administrasie en het verskeie sportbestuurskursusse suksesvol afgelê.

As gekwalifiseerde Vlak 3-afrigter het sy droom in 2004 waar geword toe hy beheer geneem het van die mees suksesvolle Krieket-akademie in die Noordelike Distrik, en waarskynlik Suid Afrika. Arno rig af op beide primêre- en sekondêre skoolvlakke.

Arno het in 1997 sy eerste Krieket-akademie op skoolvlak gestig. Meer as 85 skole landwyd maak huidiglik gebruik van sy kurrikulum om jong aspirant-spelers aan krieket bloot te stel.

Directors: WL van Deventer (Chairman), VD Mazibuko, JA Haasbroek

Arno het in die laaste 18 jaar 8 primêre en 23 sekondêre NCU-skoleliga-kampioenskaps-trofeë verower. Hy het ook 'n groot deurbraak gemaak in die krieketwêreld deur die eerste "Tegniese Analise Kamer" te ontwerp wat gebruik maak van hoogs gevorderde tegnologie om foute in tegniek uit te wys.

Sy kombinasie van tegnologie en afrigting is baie gewild. Hy was onder andere deur die Senior Suid-Afrikaanse Damespanne van verskeie provinsies genader om tegniese analises vir hulle te doen. In 2010 en 2015 is Arno se Menlo 1ste XI tal gekroon as die nationale skole T20 kampioene.

Arno is tans betrokke by Hoërskool Menlopark in Pretoria en is in beheer van 750 spelers wat deelneem in alle fasette van die spel. Hy konsentreer op spanafrigting, -dinamika, -strategie en algemene voorbereiding vir die seisoen.

Camp Discovery is welbekend vir suksesvolle sportklinieke en is trots om van Arno gebruik te kan maak om die voortou te neem met ons gewilde krieketklinieke.

DATUMS VIR KLINIEKE

2018 Klinieke

Kliniek 1	o/10 – o/13 (seuns/dogters)	14 – 17 Junie 2018
Kliniek 2	o/10 – o/13 (seuns/dogters)	22 – 25 Junie 2018
Kliniek 3	o/10 – o/13 (seuns/dogters)	10 – 13 Julie 2018

Klinieke word georganiseer deur Arno van Wyk en sal aangebied word deur Arno van Wyk en Christo Parsons.

DIE KOSTE SLUIT DIE VOLGENDE IN:

- Gerieflike en netjiese akkommodasie
- Gebalanseerde etes
- Goed opgeleide fasiliteerders om na u spanne om te sien
- Professionele groep-, span-, en individuele afrigting
- Wedstryde
- Wildritte vir spelers en afrigters
- Spanbou-aktiwiteite soos letteriabaan, hindernisbaan, groepsdinamikabaan, fietsritte, skyfskiet, boogskiet, nagmars en vele meer
- Aandvermaak vir groepe soos kampvuurkonserte, dvd-aande en kareoke kompetisies
- Afrigtingskursus in beide Afrikaans en Engels

KOSTE

2018 Klinieke:

- **R1 465.00** per speler
- 1 afrigter per span gratis
- Addisionele afrigter - **R1 465.00**

BESPREKINGS

- 'n Deposito van R 1000,00 per span is nodig om julle plek te verseker (Gebruik asb u skool se naam & "Krieket" as verwysing):
- Stuur asseblief **so gou moontlik** die besprekingsvorm terug!

WAT OM SAAM TE BRING

Spelers:

- Eie beddegoed
- Eie eetgerei
- Sien lys van benodighede
- Kriekettoerusting en wedstryddrag

Afrigters:

- Handdoeke
- Wedstrydballe en telkaarte

Camp Discovery Groete,

Marie van Deventer
Bemarkingsbestuurder
Sel: 082 697 1415
Epos: marketing@campdiscovery.co.za

Vir besprekings en navrae, kontak asb vir Natasha by **012 722 0072**.

Besoek gerus ook ons webtuiste by **www.campdiscovery.co.za**

BANKBESONDERHEDE
FNB HATFIELD
REK NR: 6210 1822 668
TAKKODE: 25 21 45

Camp Discovery
Laerskole Krieket
Besprekingsvorm
2018

Naam van skool: _____

Tel: _____ Faks: _____

Organiseerder: _____ Sel: _____

Epos: _____

Dui asb aan watter toernooi u gaan bywoon:

Kliniek 1 (seuns/dogters)	14 – 17 Junie 2018 ☐
Kliniek 2 (seuns/dogters)	22 – 25 Junie 2018 ☐
Kliniek 3 (seuns/dogters)	10 – 13 July 2018 ☐

Spanne	Aantal spanne per ouderdoms-groep	Aantal spelers per span	Aantal afrigters (Maks. 2)	Deposito R1000,00 per span	Totale bedrag per skool
o/10 A					
o/10 B					
o/11 A					
o/11 B					
o/12 A					
o/12 B					
o/13 A					
o/13 B					

☐ **R1000 deposito betaal**
☐ **Betalingsbewys aangeheg**
☐ **Onderneem om totale bedrag 21 dae voor die aanvang van kliniek te betaal**

Faks asb besprekingsvorm na 012 722 0073 / 086 516 7634 of epos dit na info@campdiscovery.co.za

Hoof (Naam):_____ Handtekening:_____

Datum:_____